# DIE EKUMENE : INHOUD EN GRENSE VAN DIE BEGRIP

In die kerklike taal van die 20ste eeu is die woorde „ekumene" en „ekumenies" seker van die mees voorkomende. Dit is beslis waar van die Protestantse deel van die christelike kerk, en tot 'n groot mate ook van die Rooms-Katolieke en Oos-Ortodokse kerke. Dis seker ook geen oordrywing as ons sê dat die lewe en werk van die Protestantse kerke tot sover in die 20ste eeu, tot 'n groot mate bepaal en beheers is deur die saak waaraan bogenoemde woorde uitdrukking wil gee. Dit alleen is al rede genoeg om te vermoed dat ons in hierdie woorde met 'n betekenisvolle saak te doen het. Die meeste kerke van die wêreld word tot 'n besondere entoesiasme opgewek as hulle die woorde „ekumene" of „ekumenies" hoor, en in hierdie entoesiasme het ons kerk vir enkele jare in die verlede ook gedeel. Vandag wek hierdie woorde by ons Kerk sowel as die ander twee Afrikaanse kerke van ons land. onaangename assosiasies, veral as hulle in verband gebring word met daardie liggaam waarin die ekumeniese gedagte sy hoogste uiting gevind het : die Wêreld Raad van Kerke. Omdat die rede vir hierdie houding van ons Kerk vir ons almal goed bekend is, gaan ons die saak stilswyend verby. Die gevaar is egter seker nie net denkbeeldig dat 'n mens in jou ondersoek na die betekenis van die ekumene so bevooroordeel kan wees dat jou ondersoek heimlik die doel het om die bestaande vooroordele te versterk. Uitgaande van die veronderstelling dat die lede van Van der Hoff 'n selfstandige oordeel wil vorm oor 'n baie aktuele saak vir die kerk vandag, sal ek trag om die onderwerp wat aan my opgedra is vir ondersoek, so onpartydig moontlik te behandel.

Laat ons begin met 'n ondersoek na die betekenis van die woord . **ekumene. Oikoumené** kom reeds vroeg by Griekse skrywers voor in die betekenis van die bewoonde wêreld sonder meer in teenstelling met die (relatief) onbewoonde wêreld. Oikoumené is dus in die eerste plek 'n geografiese begrip. In hierdie betekenis vind ons die woord in Matt. 24:14 : En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld (hólé té oikouméné). Dit gaan dus hier om die blye boodskap aan alle mense op die aarde wat aan hulle as bodem gegee is om op te lewe. M.a.w. die ekumene is die arbeidsveld van die kerk; dis die ruimte waarin die kerk lewe, waarin hy die koningskap van Christus proklameer en wat hy opeis vir Hom wat in Hebr. 1 : 6 die eersgeborene van die oikouméné genoem word. Dis belangrik om hier te let op die verband tussen sending en wêreld. Behalwe 'n geografiese, lê daar in die woord oikouméné ook 'n kultuur-politieke betekenis. As aanduiding van die Romeinse imperium vind ons die woord in Luk. 2 : 1 : En in daardie dae het 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word. Die Romeinse

ryk word hier as wêreldryk verstaan. Die keiser word ook genoem die „weldoener van die wêreld" (eúergété tés oikouménés). As Paulus en Silas in Hand. 17 : 6 daarvan beskuldig word dat hulle die wêreld (tén oikouménén) in opstand bring, word onder wêreld hier die Romeinse ryk verstaan in die sin van 'n gemeenskap met 'n bepaalde beskawing, kultuur, en 'n gemeenskaplike trou. Die woord kom elders in die N.T nog meermale voor (Luk. 4 : 5; 21 : 26; Hand. 11 : 28; 19 : 27; Openb. 3 : 10; 12 : 9 ens.), sonder dat daar egter 'n ander betekenis aan gegee kan word as die reeds genoemde drie. Ook in die LXX kom die woord meermale voor as vertaling van die woord „aarde", „wêreld" ens. Opvallend is dit dat die woord in die Pauliniese briewe net eenkeer voorkom, en dit slegs as aanhaling uit Ps. 19 : 5 in Rom. 10 : 18.

As ons verder wil gaan soek na die betekenis van die woord „ekumene", moet ons nagaan watter vulling hierdie begrip gekry het in die loop van die kerkgeskiedenis. Dan moet ons eerstens opmerk dat die woord nerens voorkom in enige van die belydenis- en liturgiese geskrifte nie. In die algemene kerklike taal kom die woord en begrip egter vry algemeen voor en wel in die volgende betekenis :

**Die kerk is die ekumene.**

Ons vind dat die begrippe **kerk** en **ekumene** deur die kerkvaders van die 2de en 3de eeu, soos Origenes, Basilius die Grote en Athanasius, deurmekaar gebruik word. In die kerk word al meer die eintlike en ware wêreld gesien, want as gevolg van die verkondiging van die evangelie het die kerk in die wêreld gegroei en daardeur is dit nie meer bloot die sekulêre wêreld nie, maar die gebied wat met die evangelie gevul is en waarvan Christus reeds besit geneem het. Daar kom 'n nuwe ekumene waarvan die kerk die draer is. Uit die opvatting van die kerk as die ekumene, kan die volgende betekenisse van **ekumenies** afgelei word :

1) Wat tot die kerk as geheel behoort of hom verteenwoordig. So word daar gepraat van ekumeniese konsilies as kerkvergaderings wat verteenwoordigend van die hele kerk is.

2) Wat algemene kerklike geldigheid besit. So word die drie algemene geloofsbelydenisse (Apostolicum, Nicenum en Athanasianum) die ekumeniese simbole genoem.

3) Ekumenies beteken die poging om kerklike en konfessionele isolasie te deurbreek en in die erkenning van die toebehorenheid tot een wêreldomvattende christelike gemeenskap van kerke, die bereidheid om die eenheid van die kerk te soek en daarvoor te werk.

4) Ekumenies staan in verband met die wêreldwye sendingtaak van die kerk.

Met die bepaling van die inhoud van die woord **ekumenies** as die strewe na kerkeenheid en missionêre diens aan die hele wêreld, het ons die twee hoofmomente aangedui van wat vandag bekend staan as die ekumeniese beweging. Die ekumeniese beweging streef om die verdeeldheid en skeiding wat om allerlei redes tussen kerke bestaan te oorwin, en met die eenheidsgedagte word die missionêre verbind wat mooi uitkom in die uitspraak van die Ekumeniese Raad in 1951 : ekumenies kenmerk alles wat hom op die hele taak van die hele kerk in die verkondiging van die evangelie vir die hele wêreld, betrek. Die betrekking tussen ekumenies en missionêr word duidelik as 'n mens nagaan wat die kerk met die woord ekumene bedoel het toe hy die eerste keer gebruik is. In sy kommentaar op Ps. 48 sê Basilius : die Ethné is diegene wat ver van die geloof staan en die bewoners van die oikoumené is diegene wat in die kerk is. Die ethné word eerste genoem omdat hulle die evangelie meer nodig het — die bewoners van die ekumene moet nie op hulle neersien nie, maar hulle wat vreemd van die verbond is in liefde opneem. In hierdie woorde van Basilius lê 'n waarskuwing, n.l. dat ekumeniese interesse sonder missionêre interesse onvrugbaar is,

Die missionêre verteenwoordig 'n sterk stroom in die hele ekumeniese beweging. Trouens die sending vorm die hele agtergrond en groeibodem van hierdie beweging. Wanneer ons hier 'n baie kort skets van die ontstaan en ontwikkeling van die beweging gee, sal dit wel duidelik blyk. As eerste baken moet Edinburgh 1910 genoem word. In opset en verteenwoordiging was hierdie sendingkonferensie ekumenies. Die wêreldsending was hier verteenwoordig en sy oogmerk was eintlik om kragte te monster en 'n opname van die wêreld te maak wat nog vir die evangelie gewen moet word. Daar was 'n vrolike optimisme van geestelike oorwinning van die wêreld. Hierdie konferensie het van andere van dieselfde aard daarin verskil, dat hier 'n voortsettingskomitee gekies is waaruit later (1911) die Internasionale Sendingraad ontstaan het. Dit was hierdie raad wat voortaan verantwoordelik was vir verskillende wêreld-sending-konferensies, soos die van Jerusalem 1928, Tambaram 1938, Whitby 1937, Willingen 1952. Uit dieselfde konferensie van Edinburgh het twee bewegings ontstaan : die een het hom besig gehou met sake van geloof en kerkorde (Faith and Order). Twee konferensies is gehou, n.l. die eerste in Lusanne 1927 en die tweede in Edinburgh 1937. Die ander staan bekend as die Lewe en Werk Beweging (Life and Work) waarin dit gaan om die betekenis van die evangelie in die alledaagse lewe en werk van christene. Veral word gehandel oor sosiale en internasionale verhoudings. Die eerste

wêreldkonferensie van hierdie raad is in Stockholm gehou 1925, en die tweede in Oxford 1937. Hierdie twee bewegings het op hulle vergaderings van 1937 besluit om 'n nuwe liggaam in die lewe te roep waarin hulle albei verenig sal wees. Dit was die begin van die Wêreldraad van Kerke wat in 1948 in Amsterdam ontstaan het. Die ekumeniese beweging het nou bestaan uit twee strome: die Wêreldraad van Kerke en die Internasionale Sendingraad. Heirdie twee strome het op die konferensie van Nu Delhi ineengevloei onder die een naam Wêreldraad van Kerke (1951).

Voordat ons enkele opmerkings maak oor die hoofmomente van die beweging, net enkele gegewens oor die struktuur van die Wêreldraad van Kerke: Die Raad word gevorm deur die ledekerke. Die hoogste gesag lê by die Vergadering van die Raad wat volgens konstitusie eenkeer elke vyf jaar saamkom en waarop elke lid-kerk verteenwoordiging het. Tussentyds dra die sentrale raad die meeste verantwoordelikheid, wat ook jaarliks vergader. Die Raad het vier afdelings:

1) 'n Studieafdeling met departemente vir geloof en kerkorde, kerk en gemeenskap, sendingstudies;

2) 'n Afdeling vir ekumeniese aksie met departemente vir die samewerking van mans en vrouens in kerk, familie en gemeenskap; vir die leke; die ekumeniese instituut;

3) Afdeling vir inter-kerklike hulp en diens aan vlugtelinge;

4) Die afdeling vir wêreldsending en evangelisasie.

Ten slotte is daar drie komitees van die Wêreldraad. Hierdie Komitees se samestelling verskil van mekaar en elkeen het sy eie geskiedenis en eienaardighede:

a) Die Komitee vir geloof en kerkorde, wat newens ander vrae, hom veral besighou met die probleem van die eenheid van die kerk.

b) Die komitee vir wêreldsending en evangelisasie. Die grootste getal van sy lede word gekies deur die verskillende Christelike Rade.

Die doelstelling van hierdie Komitee is besonderlik die bevordering van die evangelieverkondiging in die hele wêreld; die voortdurende herinnering van die kerk aan die omvang en karakter van die onvoltooide evangeliese taak en die verdieping van hulle sendingsverantwoordelikheid; om die studie van die skrifuurlike grondslag en die betekenis van die sendingstaak van die kerk te stimuleer; om effektiewe

samewerking van kerke t.o.v. die wêreldsending te bevorder.

c) Die Komitee vir internasionale sake. Hierdie komitee staan in noue verbinding met die V.V.O. en nie in 'n goeie lig by ons in Suid-Afrika nie Hierdie komitee het o.a. aan 500 lede van die V.V.O. memoranda gegee toe die apartheidsbeleid in die V.V.O. bespreek is, wat die berugte besluit van die Evanstonse beraad bevat het en wat lui : „The Second Assembly of the World Council of Churches declares its conviction that any form of segregation based on race, colour or ethnic origin is contrary to the gospel and is incompatible with Christian doctrine of man and with the nature of the Church of Christ. The assembly urges the churches within its membership to renounce all forms of segregation or discrimination and to work for their abolition within their own life and within society.

Miskien is dit hier die mees gepaste plek om mededeling te doen van hoe die Wêreldraad homself en sy funksie verstaan. Die aanvaarde basis vir toetredende kerke lui as volg : Die Wêreldraad van Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat Jesus Christus as God en Saligmaker bely volgens die Skrifte en daarom trag om tesame hulle gemeenskaplike roeping te vervul tot die eer van die een God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie basis is geen belydenis nie, omdat die Wêreldraad geen super-kerk wil wees nie. Op die Evanstonse vergadering is die volgende verklaring gemaak : die Wêreldraad van Kerke is 'n instrument tot diens van die kerke wat hulle in staat stel om in 'n broederlike gesprek met mekaar te tree, om saam te werk op verskillende gebiede en om gesamentlik teenoor die wêreld te getuig.

Ons sien daarvan af om verdere uitsprake uit offisiële stukke van die Wêreldraad van Kerke na vore te bring waaruit sal blyk hoe die beweging self sy wese en taak in die wêreld verstaan. Ons volstaan met twee uitsprake wat 'n duidelike aanduiding gee van die opvatting van die Wêreldraad oor die betekenis van die ekumene. Hierdie twee uitsprake verteenwoordig ook twee gedagterigtings wat daar in die Wêreldraad aangetref word. Die eerste is 'n definisie van die ekumeniese beweging deur W. A. Visser 't Hooft, algemene sekretaris van die Wêreldraad in die Twentieth Century Encyclopedia of Religious Knowledge, vol. 1., bl. 463 : Die ekumeniese beweging is die beweging in en van die kerke wat streef om sowel die eenheid as die universaliteit (in dinamies, missionêre sin) wat inherent in die christelike kerk is, te manifesteer. Die begrip **ekumenies** verwys na die

uitdrukking van die gegewe eenheid van die kerk binne die geskiedenis, (en dit kom) van die feit van die eenheid in Christus. Die ekumeniese beweging omvat derhalwe al sulke liggame, op internasionale, nasionale of plaaslike vlak, wat streef om uitdrukking te gee aan die solidariteit en die fundamentele eenheid van christene van verskillende konfessies en denominasies. Hier is die uitgangspunt dat die kerk een is in Christus, en dat daardie eenheid gemanifesteer moet word, maar nie in 'n geïnstitueerde super-wêreldkerk nie. Ten oorvloede word dit deur die alg. Sekretaris beklemtoon dat die Wêreldraad geen wêreldkerk wil wees wat die bestaande kerke wil vervang nie. In hierdie opvatting van die ekumene kom die gerigtigheid van die kerk op die hele wêreld in sy evangeliese getuienisdiens sterk navore, terwyl die sigbare eenheid op een of ander wyse voorwaarde of vrug van die missionêre diens is. Op die eenheid deur missionêre verkondiging het die Duitse Missioloog Walter Freytag ook besondere klem gelê. Volgens hom kan vernuwing van die kerk tot eenheid net in die missionêre verkondiging gehoop word, en daarom bring hy eenheid en sending en eskatologie in noue verband met mekaar.

Die ander gedagterigting in die Wêreldraad vind ons in The Oxford Dictionary of the Christian Church, bl. 977. Hier word die ekumeniese beweging gedefiniëer as die beweging in die kerk tot ontdekking van die eenheid van alle gelowiges in Christus oor verskille van geloofsbelydenis, liturgie en beleid heen. Dit probeer uiting gee aan daardie eenheid deur enger betrekkings in konferensies met die oog op samewerking in gemeenskaplike take sowel as met die oog op die uiteindelike hereniging van die kerke. 'n Woordvoerder van hierdie denkrigting is C. C. Morrison (The unfinished reformation). Hy pleit vir een verenigde, sigbare, ekumeniese kerk met uitsluiting van alle afsonderlike denominasies. Dit gaan hier om die aaneensmelting van alle kerke in die wêreld tot 'n magtige demonstrasie van die eenheid van die kerk. Verwerkliking van die sigbare eenheid van die kerk in een wêreldkerk is hier die doel. Toegewing aan hierdie visie sal niks anders beteken as swig voor die Roomse versoeking.

Met die oog op die diversiteit van opvatting binne die Wêreldraad oor wat onder die ekumeniese beweging, en dus onder die begrip ekumene, verstaan moet word, en met die oog op 'n menigte van besware wat daar regtens teen die Wêreldraad kan, en daadwerklik ook bestaan, kom die vraag op of daarmee die saak waarom dit in die ekumeniese beweging gaan, laat vaar moet word. Die vraag is of daar so iets soos ekumenisiteit van die kerk bestaan wat tot die kerk-wees as sodanig behoort. Ons het aan die begin reeds gesê dat daar in ons belydenisskrifte nie gepraat word van ekumene of ekumenies nie. Dit beteken egter nie dat die saak van die ekumenisiteit nie implisiteit in

die belydenis van die kerk gevind word nie. Daar is een saak wat ons bely ten opsigte van die kerk waarmee die ekumenisiteit ten nouste verbonde is, en dit is die katolisiteit van die kerk. Daar is mense wat beweer dat die twee maar een begrip is, die katolisiteit is egter die wyere en die diepere begrip as die ekumenisiteit. Persoonlik ondersteun ek die opvatting dat die katolisiteit en die ekumenisiteit onlosmaaklik tot mekaar behoort as twee dimensies van die kerk : die katolieke die vertikale en die ekumeniese die horisontale. Met ander woorde ons moet soek na die eenheid van die kerk, ons moet die ekumenisiteit van die kerk tot sy reg laat kom, op 'n ander weg dan, as die weg van die Wêreldraad ons insiens verkeerd is. Die kern van wat ekumenies is sal ons moet vashou : die saamkom van die verskillende kerke tot gemeenskaplike diens en tot groter eenheid. Die eerste doel wat die kerk volgens Berkhof moet najaag is om teenoor die wêreld tot die werklikheid uit te groei waarin iets sigbaar word waarvan Ef.1 : 21 spreek : dat alles gestel word onder die Hoof Christus. Die lewe onder Christus, die Hoof, is teken van die normale lewe. Tot hierdie teken hoort ook die eenheid : een Hoof, een liggaam. Terwyl die kerk in die hoogte groei, na sy Hoof toe groei, toeneem in geloof en liefde en in die kennis van Christus, na die mate groei die kerk ook horisontaal, na mekaar toe. Omdat groei in die hoogte, groei na Christus toe, ook groei in die breedte, na mekaar toe beteken, moet ons sê dat die ware ekumenisiteit daar begin wanneer elke kerk afsonderlik werk en bid en begeer om waarlik kerk te wees. Dan sal ons op die pad wees na die ware ekumene : wanneer ons van die volheid wat in Christus gegee is, groei na sy volheid. Na daardie volheid lei die Heilige Gees die kerk . . . . totdat ons in die volheid sal ingaan op die laaste dag wanneer Hy kom. Die Koninkryk van God is die grens van die kerk, ook die grens van die eenheid, die ekumenisiteit van die kerk. Daarheen is ons op pad, maar ons kom daar alleen wanneer Hy kom . . . . maar daarheen moet ons ook op pad wees : ook van die ekumenisiteit van die kerk geld : soek en jy sal vind . . . . stry hard om in te gaan in sy koninkryk.

— F. J. van Zyl.